



## LEWENDE TRADISIES



Jaargang 16 no 9

September 2007

### Tema: Kerklike Tradisies

- Goeie kerklike tradisie 2
- Met ons huwelike op pad na die bruilof van die lam ..... 4
- Sondagviering en Sondagheiliging (1) ..... 6
- Lees is lekker ..... 8
- Armoede: Gereformeerde politiek en sosialisme ... 10
- Wolf op my spoor ..... 13
- Die Woord van kansel na kerkbank ..... 15
- Algemene Sinode van die Canadian Reformed Churches ..... 18

*De la Rey. De la Rey, sal jy die Boere kom lei, De la Rey?* So word deesdae gesing deur jong (en ou?) mense. Blykbaar is daar ook tans nog 'n behoefte aan identifikasie en aan tradisie.

Mense dink soms dat 'n tradisie en die vashou daaraan net negatief beoordeel kan word. Alles moet dan verander word. Want ons lewe in 'n ander tyd en wat van die jeug wat tans opgroei?

By tradisie kan jy moontlik maar net dink aan ingewortelde gewoontes waarvoor niemand meer nadink nie en wat dus klakkeloos nagevolg word. Uit die aangehaalde liedjie blyk egter: tradisie hoef nie noodwendig dood te wees nie. Dit kom voor op voetsoolvlak, maar ook filosofie hou hulle hiermee besig. Sommige van hulle betreur dit dat ou waardes in die loop van die tyd verval het. In feite het in die laaste eeue die hele Christelik beïnvloede kultuur verlore gegaan. Met kultuur word daarby gedoel op die geheel van *geestesgoedere* wat ontstaan het binne sekere gemeenskappe.

In reaksie daarop word nou (soms) gestreef na 'n *lewende tradisie*. 'n Lewende tradisie, so word dan gesê, kom tot ons vanuit die geskiedenis, maar dit is beliggaam in die huidige sosiale lewe. Maar hoe om dit te bereik of in stand te hou in hierdie tyd waarin allerlei sake deur die storm van die rewolusie omvergestamp word? Dit blyk nie so maklik te wees nie.

Dit is gedagtes wat geuiter word in kringe van mense wat besorg is oor die gang van sake in die algemene maatskappy en morele lewe. Maar wat van die kerk van Christus? Daar heers tog dieper gedagtes en daar kan moontlik indringende antwoorde gegee word.

In die kerk bely ons saam die Heilige Skrif wat spreek oor God en sy Christus. Ons hoor daar oor die eer van God en die vergewing van ons sondes. En as gereformeerdes is ons selfs bang om te verval in die fout van die Rooms-Katolieke Kerk wat die tradisie as bron van openbaring aanvaar langs die Skrif. En ons kan dink aan wat die Here Christus gesê het aan die adres van die skrifgeleerdes en fariseërs: Julle het die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle *oorlewering* (Matt.15:6). So 'n soort tradisie is inderdaad verkeerd.

Daar is egter ander getuïenis ook. In Lukas 4:16 lees ons dat Jesus, soos Hy *gewoond* was, op die sabbatdag in die sinagoge gegaan het. Dit was tog sekerlik 'n goeie tradisie. Veral moet gewys word op wat in die brief van Judas staan, die derde vers: "...om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges *oorgelewer* is."

Geloof beteken hier: die inhoud van die geloof. En eenmaal – eens en vir altyd. Dit is die Skriftuurlike en daarom gereformeerde tradisie. Dit verouder nooit en mag ook nooit klakkeloos nagevolg word nie. Dus 'n werklik lewende tradisie.

Hierdie geloofsinhoud wat oorgelewer word, is rigtinggewend vir die hele lewe. Om dit na te volg en uit te lewe, kan isolasie en vereensaming meebring. Dit kom egter nie voort uit minagting van die kultuurlewe nie, maar juis uit 'n poging om teen die grein van die tyd in volgens God se wil te lewe. Soms is dit egter nodig om die wet onder die leerlinge te verseël (Jes. 8:16).

Klaas Bijzet

# GOEIE KERKLIKE TRADISIE

Ds Eugene Viljoen

## TEMA: KERKLIKE TRADISIËS

**Alle kerke leef met bepaalde tradisies. Nie almal sal dit altyd wil erken nie. Party sal graag daarin wil roem dat dit nie hulle gebruik is om met 'n tradisie te leef nie. Wel, volgens my leef jy dan ook uit 'n bepaalde tradisie. Tradisies is eie aan ons menswees. Ons hoef glad nie verleë daarvoor te voel nie. Tradisie is 'n bepaalde vorm waarin my lewe as diens aan die Here gegiet word.**

### Elke gedagte gevange vir Christus

Dit is eie aan die evangelie dat dit nooit los van 'n bepaalde kultuur wil funksioneer nie. Vanuit die Gereformeerde sendingkunde word daar daarom ook nooit van meet af aan totaal afwysend na bestaande kulture gekyk nie. Daar word na 'n weg gesoek waarin die lewe van geloof in Jesus Christus beslag kan lê op die bestaande kultuur. In die woorde van die apostel Paulus gesê: *“Elke gedagte word gevange geneem tot die gehoorsaamheid aan Jesus Christus”* (2 Kor. 10:5). Hierdie proses beskryf die bekende sendingwetenskaplike, J.H. Bavinek, as 'n “inbesitneming” (*possessio*) van die kultuur vir Christus.

Dit is daarom ten sterkste af te keur wanneer Christene hulle terugtrek uit 'n kultuur, asof Christus en kultuur niks met mekaar te doen het nie. Die krag van die kerk om die evangelie te verkondig lê veral daarin dat dit in 'n spesifieke kultuur en tradisie en tyd gebring word.

Wanneer die evangelie so sy gang gaan in 'n spesifieke tyd, kultuur en gewoontes, ontwikkel 'n eie kerk-kultuur.

### Vorm

Die gevolg van die evangelie wat grondvat in 'n bepaalde kultuur, is dat die lewe met God bepaalde vorms gaan aanneem. Die ontmoeting in die erediens neem 'n heel spesifieke vorm aan. Die manier waarop gepreek word. Onderlinge afsprake wat tussen plaaslike gemeentes gemaak word. Meer sulke voorbeelde kan genoem word. Sulke vorms waarin kerklike aktiwiteite gegiet word, is goed. Solank ons altyd maar weer beseft dat die vorms nie 'n doel op sigself is nie.

Vorms waarin ons ons lewe met die Here gegiet het, mag nooit 'n eie lewe begin lei nie. Geen lewe los van die doel wat dit dien om ons lewe met God Self invulling te gee nie. Dit is veral belangrik dat sulke tradisies en vorms verstaan sal word. U ken almal die politieke modieuse woord “deursigtigheid”. Nou ja, ons kerklike tradisies behoort deursigtig te wees. Veral vir die jeug van die kerk moet dit glashelder wees wat die betekenis van sulke tradisies en vorms is. Ook vir besoekers aan die kerk en hulle wat dalk vir die eerste keer in die proses is om vorm te gee aan hulle diens aan die Here. Hoe mooi sal dit wees as ons eie kerklike tradisies nie die weg vir nuwelinge na die Here se diens afsny nie. Goeie kerklike tradisies sal oop deure en oop vensters wees waardeur gegaan en gekyk kan word om uitsig te kry op die lewe met die Here.

### Relatiewe?

In enige kerklike gemeenskap is kerklike tradisie teenwoordig. Sommiges kan baie tuis daarmee voel en ander kan voel dat dit teen hul grein ingaan om op só 'n manier uiting te gee aan hul geloofsvreugde en diens aan die Here. Wat moet

ons basiese houding ten opsigte van kerklike tradisies wees? 'n Mens kan jou met frustrasies en geweld daarteen verset in 'n poging om dit af te breek. Dit sal nie spreek van respek en liefde vir ons voorgeslagte nie. Jy sal die ander uiterste kon volg deur jou tradisies as norm te neem waaraan elke nuwe geslag gelowiges gemeet moet word. Ook dit sou 'n verkeerde houding wees, omdat ons juis bely dat alle mense uit hulself leuenaars is en daar net een waarheid is wat bo alles en almal is...die waarheid van God se Woord (NGB Artikel 7).

### Identiteitsvorming

Ons lees die Bybel meestal asof dit regstreeks aan ons geskryf is. Asof ons die eerste lesers van die Bybel is. Die gevolg daarvan is dat ons die Bybel verstaan vanuit ons posisie en ervaring. Ons vergeet sommerklik dat ons verstaan van Paulus se briewe aan die gemeentes gekleur is deur geslagte oor eeue voor ons. Dit beteken dat ons nie altyd meer so sensitief is vir die probleme waarmee die eerste lesers geworstel het nie. Hulle situasie is nie gelyk te stel aan ons situasie nie. Die meeste van ons is gelowiges uit huise wat geslagte lank 'n Christelike agtergrond het. In die Nuwe Testament was dit anders. Met name in Rome. Die gemeente in Rome was vol gelowiges wat eerste-generasie gelowiges was. Dit was mense wat gewet het wat dit beteken om ongelowig te wees. Om deel te wees van die duisternis - sonder geloof in God as Skepper en Redder.

Dit was mense wat nie grootgeword het met Bybels in die huise of gereelde eredienste of huisbesoek van die ouderling nie. Hulle het geen geloofsopvoeding as agtergrond gehad nie. Die meeste het nog

maar pas tot geloof gekom. Baie was nog getroud met ongelowiges. Dikwels die enigste Christen in 'n gesin. Hulle was nog baie intensief besig met identiteitsvorming. Daarmee bedoel ons maar net dat die jong gelowiges tussen 'n paar vure gesit het. Hulle het as jong gelowiges skielik nie meer probleemloos deel gevorm van die samelewing in die groot stad Rome nie. Tegelyk was daar in Rome 'n sterk teenwoordigheid van Jode met hulle sinagoge(s). Daarby het hulle ook nie ingepas nie. Die sinagoges het immers Christus as Seun van God verwerp, terwyl die vroeëre heidene nou begin het om, deur die Messias van Israel, God as Skepper te aanbid. Die tradisionele volk van God het goed ontwikkelde lewenspatrone, gewoontes en gebruike gehad. Dit was asof die skaduwee van die sinagoge die lig van die lewe van die jong gemeente gedemp het.

### **Watter tradisie?**

Waar en hoe pas hulle nou in by die volk van God? Wat is hulle identiteit? Word hulle werklik by God aanvaar net soos die gelowige Jode? Is hulle tweederangse burgers van God se koninkryk? Die Jode het goed ontwikkelde sedelike lewens gehad wat volgens die Torah ingerig was. Hulle het baie voorregte gehad. Aan hulle is die Woord van God toevertrou (Rom. 3:2). Vanaf Abraham tot Jesus het God heel eerste tot die Jode met sy genade, sy woorde en sy dade gekom. Dit het geweldige groot voordele ingehou om deel te wees van God se verbondsvolk. Net soos dit vandag nog baie vir ons en ons kinders beteken.

Wat beteken dit nou alles vir die identiteit van die gemeente? Met hierdie vraag begin Paulus in Romeine 3:9. Word die Jode dan nou nog bevoordeel? Bring die feit dat hulle die openbaring van God in die Ou Testament (Torah) gehad

het, nie 'n bevoorregting mee nie, en wat gelowiges uit die heidendom benadeel nie? Het hulle wat reeds lankal die verbond van God gehad het, nie 'n voordeel bó die ander nie? Hulle aanbid al vir só lank die enigste ware Skepper-God en hulle lewens was gerig op liefde vir God en hulle naaste.

### **Gereformeerde tradisie**

Ons kan duidelik die vergelyking met ons situasie vandag sien. Ons is dikwels gemeentes met 'n heel sterk ontwikkelde eie identiteit. Daar is gewoontes en gebruike wat al vir geslagte oorgelewer is en in baie opsigte beproef is. Die manier hoe ons die lewe in die gemeente struktuur gee rondom die verenigingslewe. Ons erediens het 'n heel sterk band met eeue-oue tradisies en gebruike. Lidmate is gewoon aan 'n patroon waarin hulle gereeld ouderlingbesoek kry en ook nog tussendeur by geleentheid 'n besoek van die predikant. Byna as vanselfsprekend stuur lidmate hulle kinders na die Gereformeerde Laerskool. Kategese vir jongmense van die gemeente is deel van die begeleiding tot belydenis van geloofaflegging. Dit is alles vorms waarin ons ons lewe as Christene gegiet het. Op sig is niks verkeerd daarmee nie.

Die vraag is wel watter rol hierdie gebruike/werke begin speel in die beoordeling van onself en met name ook die beoordeling van ander. Ons sal dit moeilik kan ontken dat die teenwoordigheid van al hierdie dinge in ons lewe lei tot 'n positiewe beoordeling deur ons oor ons eie lewe. Tegelyk kan die afwesigheid daarvan by ander maklik sorg vir 'n houding van afkeur van ander.

### **Wet van die geloof**

Die Skepper-God het 'n pad vir alle mense kom wys. 'n Pad vir mense met 'n eerbare tradisie, asook vir hulle sonder enige aanbidding van

die Skepper-God, maar wat nou tot geloof gekom het. Dit is 'n geregtigheid van God deur die geloof in Jesus Christus. Niemand, maar absoluut niemand word by voorbaat hiervan uitgesluit nie. Dit is vir **ELKEEN WAT GLO**. Elkeen wat na God teruggelei word, moet loskoop word. Hierdie loskoop kan vir almal net in Jesus Christus gekry word. Op geen ander manier nie.

Die Here God het ons 'n manier gegee waarop ons alle roem, ook in eie tradisies, kan afleer. Dit is 'n liefdevolle genadige manier. In Christus wil God ons laat sien dat alle roem uitgesluit is. Dit is 'n manier waarop God ons almal beskeie wil maak. Diep nederig onder die besef van ons eie sonde, maar bo-al deurtrek van die besef van God se goedheid en genade in Christus. Dit is 'n nuwe wet wat die Here gee. Die wet van die geloof (Rom. 3:27). Sonder gehoorsaamheid aan hierdie wet gaan mense verlore. Vir hulle wat deel in die ryk tradisie van die wet en die verbond én vir hulle wat daarsonder opgegroeï het.

### **Allesbepalend**

Hierdie wet van die geloof is ALLESBEPALEND vir hoe ons as gemeente ons teenoor ander gaan opstel. Watter wet wil ons handhaaf? Die wet van die werke of die wet van die geloof? Wil ons mekaar laat veilig wees by Christus alleen? Dit is tog skrikwekkend om te sien en te hoor aan watter tradisies lidmate mekaar wil bind. Mense is bereid om so goed as te sterf vir hulle verstaan van die invulling van die erediens. Die blydschap van die geloof kan erg versuur waar daar vasgehou word aan gebruike wat niks te doen het met die wet van die geloof nie.

# MET ONS HUWELIKE OP PAD NA DIE BRUILOF VAN DIE LAM

Ds Erik van Alten

## TEMA: KERKLIKE TRADISIËS

### Agtergrond

In 1990 het die sinode van die VGKSA besluit dat die bevestiging van huwelike nie meer in amptelike eredienste sou plaasvind nie. Artikel 16 (b) van die Handeling van die sinode lui: "...dat hierdie seremonie as 'n private byeenkoms beskou sal word, waar die Skriftuurlike onderwysing spesiaal op die bruidspaar toegespits is." In hulle rapport skryf die deputate onder andere: "In die Bybel kan ons nêrens iets vind wat daarop dui dat die huweliksluiting en/of kerklike bevestiging daarvan in 'n amptelike erediens moet plaasvind nie. 'n Huweliksluiting is, net soos 'n begrafnis, eerder 'n familie-aangeleentheid as 'n kerklike saak, hoewel die kerk tog direk betrokke is."

Na my mening was deputate groten-deels korrek in hulle beoordeling; die Bybel gee inderdaad geen opdrag tot huweliksluiting in 'n amptelike erediens nie. Die daaropvolgende besluit van die sinode was daarom ook nie onskriftuurlik nie. Ook was hierdie besluit nie in stryd met artikel 70 van die kerkorde nie, wat soos volg lui: "Die kerkraad sal toesien dat die huwelike kerklik bevestig word, waarby die vasgestelde formulier gebruik moet word." Maar wat is dan die probleem?

### Probleemskets

Ons lewe in 'n tyd waarin die huwelik onder geweldige druk staan; ons land het een van die hoogste egskedingsyfers in die wêreld. Daarby word die dekadensie van ons samelewing al hoe duideliker sigbaar in o.a. homoseksuele verhoudings / huwelike, voorhuwelike seksuele omgang en die praktyk van saamwoning.

Kyk ons na die dag van die huweliksluiting self, sien ons ook op hierdie punt kommerwekkende tendense. Dit is naamlik die tendens om byna alle klem te plaas op die glans en vonkel van die groot okkasie. Maande vantevore word daar alreeds 'n begin gemaak met die beplanning van die huweliksbevestiging en die daaropvolgende bruidsofsfees. Letterlik tienduiseende rande word bestee om 'die groot dag' onvergeetlik te maak. Die strikkies en die lintjies, die kerse en die blomme, die klere en die kleure – alles word tot in die fynste besonderhede uitgewerk. Die lyn tussen feestelike en uitspattigheid is baie fyn, en word in baie gevalle oorskrei. Ongelukkig is Christene nie vry van hierdie tendens nie. Ook onder kerklidmate dreig die gevaar dat die fees en die gepaardgaande uiterlike vertoon meer klem kry as die beloftes wat voor die Here en sy gemeente aan mekaar gedoen word, asook die lewenslange verantwoordelike hede wat daarmee gepaard gaan.

Gesien bogenoemde probleemskets, dring die vraag hom onwillekeurig aan 'n mens op: wat doen die kerk om die huwelike van lidmate op gesonde voet te laat begin en deurgaans gesond te hou? Wat doen die kerk om daartoe by te dra dat die huwelike van lidmate "in sy Naam begin en tot sy eer volbring word"? Wat hieronder as voorstel volg, het slegs betrekking op die dag van die huweliksbevestiging, en moet ook in daardie lig gelees word...<sup>1</sup>

<sup>1</sup> Hierdie voorstel het na vore gekom tydens 'n dinksrum van verteenwoordigers van die kerke in klassis Noord.

### Hierdie verborgenheid is groot...

Efesiërs 5:22-33 is een van die mooiste en mees uitgebreide gedeeltes in die Skrif oor die eenheid tussen man en vrou in die huwelik. Ons kry in hierdie hoofstuk 'n pragtige aanduiding oor hoe man en vrou in 'n eenheid met mekaar behoort te lewe, en wat die onderskeie posisies van beide is. Maar dit is duidelik uit Paulus se argumentasie dat hy in hierdie gedeelte meer op die oog het as slegs 'n beskrywing van die huwelikseenheid; dit gaan vir hom oor meer as slegs die huwelik. En dit blyk wanneer hy vervolgens in vers 32 sê: "Hierdie verborgenheid [nl. die eenheid tussen man en vrou] is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente." Die 'meer' waaroor dit vir Paulus in hierdie Skrifgedeelte gaan, is dus die eenheid tussen Christus en sy gemeente.

In die eenheid tussen Christus en sy gemeente ontvang elke man en vrou die fundamentele **voorbeeld** van hoe hulle in die getroude staat met mekaar behoort te lewe. Die man kry sy voorbeeld van Christus – soos wat Christus die Hoof is van die gemeente, so is die man die hoof van sy vrou. Hiermee word die man nog nie tot diktator verhoog nie. Intendeel, as ons lees wat Christus as Hoof van die gemeente vir haar gedoen het, kry die hoofskap van die man 'n volledige ander invulling. Christus het naamlik die gemeente liefgehad en Homself vir haar oorgegee om haar te heilig, nadat Hy haar gereinig het, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergelyks (Ef. 5:25-27). Vir die man beteken dit dus dat

hy homself in liefde en selfopoffering moet oorgee ter wille van die heiligheid van sy bruid.

Die vrou daarenteen kry haar voorbeeld van die gemeente – net soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees; en die vrou moet die man eerbiedig (Ef. 5:24, 33). Dit maak geensins van die vrou ‘n slaaf nie. Intendeel, dit lei daartoe dat sy, uit respek vir wat haar man vir haar beteken en doen, hom volg.

Maar behalwe dat man en vrou ‘n voorbeeld kry in die manier waarop Christus en sy gemeente in eenheid met mekaar lewe, kry man en vrou ook die **verantwoordelikheid** om die verhouding tussen Christus en sy gemeente te reflekteer, te weer-spieël. In elke Christelike huwelik behoort die misterieuse eenheid tussen die kerk en haar Verlosser sigbaar te word.

In Efesiërs 5:22-33 plaas Paulus dus die Christelike huwelik binne die breër perspektief van die verhouding tussen Christus en sy gemeente – én as voorbeeld om na te volg, én as verantwoordelikheid om te reflekteer. Hierdie perspektief help om ons huwelike uit die groef van die daaglikse lewe te haal en op ‘n hoër plan te plaas. En wanneer ons hierdie perspektief raaksien, gaan daar onmiddellik ook ‘n ander perspektief vir die Christelike huwelik oop: die komende bruilof van die Lam!

### **Die gebrokenheid wat ons laat verlang na die volmaaktheid**

Geen man of vrou slaag daarin om in hulle huwelik die ideaal wat Paulus in Efesiërs 5 skets, na behore te reflekteer nie. Man en vrou se liefde en respek vir mekaar laat veel te wense oor. Almal wat as Christen in ‘n huwelik lewe, kry te make met die realiteit van liefdeloosheid, selfsug en heerssug in die huwelik. Ons sukkel om die voorbeeld wat

aan ons gegee word, na te volg; ons sukkel om ons spieël-funksie na behore te vervul.

Maar dit is nog geen rede om te wanhoop of die huwelik as mislukte instelling af te skryf nie. Ons huwelike is nie gedoem om in ‘n hopie vol hartseer te eindig nie. Nee, met val en opstaan in ons huwelike is ons op pad na die voltooiing van alle dinge. Christus is besig om ons, ten spyte van alle sondigheid in ons huwelike, heen te lei na die komende bruilof van die Lam! Die bruilof van die Lam (Openb. 19:6-9; sien ook Matt. 22:1 e.v., 25:1 e.v.) sal die fees wees waar die perfekte eenheid tussen Christus en die gemeente – waarvan elke huwelik vandag reeds ‘n refleksie behoort te wees – vervolmaak sal word. Hier sal God se kinders in ewige vreugde en feesvieringe ervaar waarna hulle, as man en vrou, hulle lewe lank verlang het. Hier sal realiteit wees wat vandag nog die ideaal is!

### **Die kerk se taak: ‘n praktiese voorstel**

Behoort ons as kerke nie aktief na hierdie komende bruilof toe te werk nie? Behoort ons nie getuienis af te lê van die feit dat ons ten volle versaker is van die koms van hierdie fees nie? Watter mooier boodskap en hoop kan ons ons troupaartjies saamgee as om op hulle huweliks-dag hul aandag te rig op die komende bruilof van die Lam?

Daarom behoort die bevestiging van huwelike in ons kerke ‘n fees te wees waar die gemeente, in die lig van haar eenheid met Jesus Christus, aanwesig moet wees. Só kan die paartjie (en elke aanwesige egpaar) aangemoedig word om getroue refleksies van die eenheid tussen Christus en die gemeente te wees, en kan hulle vertrous word met die feit dat hulle gebroke refleksie eendag realiteit sal word in die bruilof van die Lam!

Ek sluit af met ‘n versigtige voorstel...

Elke huweliksbevestiging in die kerk behoort ‘n **fees** te wees met die oog op die komende bruilof van die Lam. Nou het ons as kerke, in artikel 68 van die Kerkorde, ‘n reëling oor kerklike feesdae. Hierdie artikel lui: *“Die kerkraad sal op Kersdag, Goeie Vrydag, Pase, Hemelvaartsdag en Pinksterdag die gemeente saamroep tot openbare eredienste, waar die heilsfeite wat die gemeente op hierdie dae in besonder herdenk, verkondig word.”*

Almal van ons sal saamstem dat huweliksfeeste, met die gepaardgaande perspektief op die bruilof van die Lam, nie heeltemal in die kategorie van artikel 68 val nie. En tog ook wel... Immers, die feesdae van artikel 68 spreek van heilsfeite wat aan die mens, wat eens sonder God en sonder hoop in die wêreld was, die perspektief open op die voltooiing van die geskiedenis in die bruilof van die Lam. Is dit nie waarheen ons as nuwe mense op pad is nie? Is dit dan nie moontlik om hierdie perspektief elke keer in ons huweliksfeeste te vernuwe en te versterk nie?

Die voorstel is dus om die kerklike bevestiging van huwelike ‘n kerklike feesdag te maak in die lyn van KO artikel 68. Hierdeur word dit, wat tans private familie-samekomste is, tot openbare eredienste waarheen die gemeente opgeroep word. Gevolglik kry die kerkraad ook eienaarskap oor die erediens en waak ons teen allerhande uitwasse wat, vanweë die glans-en-vonkelmentaliteit waarbinne ons lewe, dreig om in te sluip. Sober, maar feestelik! Geestelik-feestelik!

# SONDAGVIERING EN SONDAGHEILIGING (1)

Henk Schuring

## TEMA: KERKLIKE TRADISIËS

Die Sondag as rusdag kom steeds meer in verdrukking; wat vroeër algemeen gangbaar was, geen handel of werk op Sondag nie, het verdwyn. Wetgewing wat Sondaghandel verbied, is afgeskaf, en dit is nie meer snaaks dat winkels op Sondag oop is nie. In Nederland het die gewoonte posgevat om “Koopzondagen” te hou. Daarmee saam het die toenemende sekularisasie, die ontkerstening van die samelewing, daartoe bygedra om die Sondag te beskou as deel van die naweek, ‘n ekstra vrye dag, wat ‘n mens aan sport en vermaak kan bestee. Geen wonder dat die slagspreek “**Sunday is Funday**” opgang maak nie. Verder is daar ‘n skynbaar onoplosbare kwessie, nl. wat is die verhouding tussen sabbat en Sondag? Wat is in Christus vervul en wat is die blywende in die 4de gebod? Is dit reg om die Sondag te onderhou soos die ortodokse Jode dit doen? Het Christus nie kras uitsprake gemaak teen die Fariseërs nie, wat laste op die skouers van die volk lê wat God nie beveel het nie, insonderheid met betrekking tot die onderhouding van die sabbat? Almal sal wel erken dat ons nie meer die Sondag as ‘n Joodse sabbat kan onderhou of vier nie; daar het ‘n verandering gekom, maar wat het verander?

### Vierde gebod: vervul en afgeskaf?

In hierdie verband wil ons daarop wys dat daar in ons susterkerke in Nederland (GKv) ‘n stryd ontbrand het insake die onderhouding van die vierde gebod. Die saak het aan die orde gekom in ‘n preek van ds Op-hoff waarin hy betoog het dat die Sondag as rusdag nie gegrond is op ‘n goddelike gebod nie. Beswaarskrifte is ingedien en die aangeleentheid het op die Generale Sinode van

Leusden 1999 gedien. Die konklusie van die sinode was drieledig:

In die kerke word die mening toegestaan dat:

- die rusdag nie gegrond is op ‘n goddelike gebod nie, maar tegelyk word nadruklik vasgehou dat:
- die rusdag wel gegrond is op die voorbeeld van die Joodse sabbat en daarmee in lyn is met die 4de gebod, en dat:
- die rusdag gegrond is op ‘n verantwoordelike keuse van die Christelike kerk. Hierdie laaste beteken ‘n verantwoordelike keuse voor God.

Dit kan duidelik wees dat baie lidmate binne die Vrygemaakte Kerke as gevolg hiervan verontrus geraak het oor die “nuwe” uitleg van die vierde gebod. Baie beswaarskrifte het op die sinodetafel beland en die sinode Zuidhorn 2002/3 het dit noodsaaklik geag om ‘n meer diepgaande studie van die verhouding tussen sabbat en Sondag te laat ondersoek deur ‘n deputaatskap **Vierde Gebod en Zondag** aan te stel. Gemelde deputaatskap het sy verslag uitbring in 2005 onder die titel: **Zondag, HEERlijke dag**. Die posisie is verwoord en aanvaar dat **beide menings ‘n volwaardige plek kry**; enersyds dat die onderhouding van die Sondag (met die implikasie van ‘n verbod om te werk) teruggaan en gefundeer word op die vierde gebod en andersyds dat die Sondag nie gelykgestel kan word aan die Joodse sabbat nie, maar in Christus vervul is en dat daar derhalwe ook nie meer ‘n eksplisiete verbod is om op Sondag te werk nie. Altwee menings het nou bestaansreg, maar die vraag is: **kan altwee menings langs mekaar**

**gehandhaaf word**? Is die één nie met uitsluiting van die ander nie?

Kritiek teen deputate se verslag en menings het nie uitgebly nie. Goed begronde kritiek is gelewer deur **D.J. Bolt** met sy verslag: **Dies Domini Een RUSTige Dag**. Die meriete en argumente van beide verslae kan ons nie verder bespreek en beoordeel nie, maar ek wil voorlopig volstaan met wat die GK(v) se **Sinode van Hogeveen in 1969** uitgespreek het insake die afwykende leringe van ds G Visee dat die gemeente van die Nuwe Verbond ontslae sou wees van die Sinaitiese wet, insluitende die 4de gebod.

Die Sinode sê: Nòg die onderwys van Christus, wat die wet in sy ware diepte en sin verklaar het, nòg die feit dat baie bepalinge van die wet (o.a. van die besnydenis, offerdiens en feesdae) weggeneem is en verval het, beteken geensins die einde of afskaffing van die wet nie, met name van die 10 gebooue as positiewe, en dus eweneens vir die Nuwe-Testamentiese bedeling bindende wet, met inbegrip ook van die sabbatsgebod, die sewende, die agste, die negende en die tiende gebod. Verder verwys die sinode ook na Art. 25 van die NGB wat sê dat, alhoewel die seremonies en heenwysings (figure) van die wet opgehou het met die koms van Christus en dat alle voorafskaduwings tot ‘n einde gekom het en derhalwe die gebruik daarvan onder die Christene afgeskaf moet word, daarmee nie gesê word dat insonderheid die wet van die 10 gebooue as positiewe wet verval het of afgedaan is nie. Sodanige opheffing sou ook strydig wees met wat die belydenis elders leer in HK Sondag 33, vr. 91; Sondae 34-44, besonderlik vr. 115: “*Waarom laat God die **Tien***

*Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?"*

Wanneer ons die gegewens in die Bybel wat oor die sabbat handel, nagaan, dan kan ons sê dat die rusdag 'n deur God ingestelde feesdag is.

### **Is die Sabbat 'n skeppingsordinansie?**

Daar was 'n groot stryd oor die vraag of die sabbat reeds in die paradys gevier is, of dat dit eers in Moses se dae gevier is. Ons lees in Genesis 2:3 dat God die sewende dag geseën en geheilig het, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak. Daar word nie vermeld wanneer God dit (bv. aan Adam en Eva) bekend gemaak het nie. Wel lees ons dat, voor die wetgewing op Sinai, Israel 'n dubbel porsie manna op die sesde dag moes insamel en die insameling op die sewende dag verbied was. Die woord "sabbat" word gebruik (Ex. 16:25, 26 en 29), maar 'n herinnering aan die skepping word nie vermeld nie. Die indruk word gewek dat Moses vir Israel die gewoonte van die sabbatritme aanleer en dat dit **eers met die wetgewing in Ex. 20:8-11 ingeskerp en vasgelê word.** Die Here gee aan Israel 'n week. Hierdie week is in ooreenstemming met die skeppingsritme. Dit is 'n week van ses werksdae, met aan die einde die rusdag, die sabbat.

### **Betekenis van Sabbat**

Die sabbat herinner aan die **voleindigde skepping en die rus van God** (Hebr. 4:9,11). "*Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God ... Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus...*". Terselfdertyd is die sabbat 'n waarborg, 'n sakrament van die verbond. Israel word as verbondsvolk verplig om die sabbat te heilig deur nie te werk nie. Met die herhaling van die wet in Deuteronomium 5 word daar by die vierde gebod gesê dat Israel geen werk mag doen nie, sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan

rus soos jy. In Exodus 20 word die **skepping** genoem as **grond vir die sabbatviering**. In Deuteronomium 5 word die **doel van die sabbat** beklemtoon met betrekking tot die personeel. Ook die arbeiders moet 'n vrye dag ontvang, die sabbat, waarby Israel herinner word dat hulle self slawe in Egipte was.

- i) Die sabbat is teken van die opheffing van die onafgebroke, aanhoudende arbeid in die slawehuis.
- ii) Die sabbat is teken van die uittog, die verlossing uit Egipte, die bloed van die Lam en die deurtog deur die Rooi See.
- iii) Die sabbat staan ook in die teken van die jubeljaar - vrylating van gevangenes, die aangename jaar van die Here.
- iv) Die sabbat herinner aan die voleindigde skepping en die rus van God.
- v) Die sabbat is 'n waarborg van die ewige sabbat vir die volk van God.

### **Christus en die Sabbat**

Israel het later die sabbat onheiligh. Amos verwys na mense wat op die sabbat al besig is om hul planne te smee teen argelose slagoffers (Amos 8:5,6). Die Fariseërs het die sabbat tot 'n dwangdag gemaak waarop alle moontlike dinge verbied was. Hier kan ons verwys na die verlamde man wat deur Christus genees is en deur die Fariseërs aangespreek en vermaan word omdat hy sy bed op die sabbat dra. Die onmenslike en kwellende bepalinge word vandag nog steeds deur die ortodokse Jode in Jerusalem gehandhaaf. As jy op die sabbat (Saterdag) in die ortodokse wyk loop en jy dra 'n balpunte, dan oortree jy die wet, want dit val onder die verbod om laste te dra. Hoe 'n balpunte as 'n las geklassifiseer kan word, gaan 'n mens se verstand te bowe. In die Misjna word daar 39 hoofklasse van verbode werksaamhede onderskei. In die fynste besonderhede word uitgespel watter werke in die huis,

op die land, in die samelewing, verbied word. Daar mag nie geploeg, geplant, geoes, gesif en gejaag word nie. Wol mag nie geskeer, gebleik, gehel, gekleur of gespin word nie, ens. Christus het telkens op die sabbat genesings verrig. Die sabbat is gemaak vir die mens en nie die mens vir die sabbat nie. Die sabbat het die verlossing aangedui en daarom het Christus die evangelie op die sabbat verkondig deur juis liggaamlik gestremde mense te verlos van hulle kwale en siektes. Hy het juis dan die sterk hand en die uitgestrekte arm van God laat sien deur hulle te genees en te bevry.

### **Sabbat en Evangelie**

Die sabbat staan in die kader van die verlossing; die wet begin daarmee: "Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het". Die sabbat self was prediking van die evangelie. Dit was as Dag van die Here uitnemend daarvoor geskik om die wet aan die volk te leer. Die priesters moes die wet aan die volk leer en tydens die tempeldienste op sabbat was daar saamtrekke, heilige samekomste, heilige vierdag (Lev. 23:2,3), en dit kan aanvaar word dat die priesters orals in die land die sabbatte gebruik het vir onderrig uit die Torah, die wet. In die sinagoge het 'n liturgie ontstaan wat gekenmerk was deur die geloofsbelydenis, die Shema: Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here; die gebede of opheffing van die hande, die lees en vertaling van 'n gedeelte uit die wet en 'n gedeelte uit die profete, die verklaring van een of meer Skrifgedeeltes, sing van die Psalms, gee van aalmoese en ten slotte die seënbede. Dit is verstaanbaar dat die Christelike kerk hierdie indeling grootliks oorgeneem het. Ons liturgie is in wese niks anders as die sinagogale liturgie nie.

In die volgende en laaste artikel wil ons onder andere aandag gee aan die sin en betekenis van twee eredienste op Sondag.

# LEES IS LEKKER

Heleen Snijder

## OPVOEDING EN ONDERWYS

Wie weet nie van die laaste deel van die Harry Potter-reeks, "Harry Potter and the Deathly Hallows", wat einde Julie 2007 verskyn het nie? Soos in die verlede, het die boek ook hierdie keer soos soetkoek verkoop. Harry Potter is wêreldwyd 'n baie gewilde reeks. Is dit reg? Kan ek my kind maar die Harry Potter-boeke gee om te lees? Wanneer daar na die beoordeling van die afgelope jare gekyk word, is dit opvallend dat daar by die verskyning van die eerste boek baie meer kritiek was as nou by die verskyning van die laaste boek. Ook van Christelike kant het mense meer positief oor Harry Potter begin oordeel. Dit is nie net Harry Potter waaroor verskillend geoordeel word nie. Die beoordeling van realistiese boeke en sprokies is ook wisselend. Dit is 'n moeilike saak vir ons as ouers. Ons kan nie sommer iemand anders se oordeel oorneem nie. Ons moet self 'n mening vorm. Ons moet self besluit watter boeke ons kinders mag lees en watter ons moet verbied. Ek wil probeer om 'n paar handreikings te gee wat 'n mens by die beoordeling van boeke kan gebruik.

By boeke (kinderboeke en boeke vir volwassenes) kry ons realistiese boeke en fiksieboeke. Realistiese boeke is boeke wat op die werklikheid gebaseer is. Dit kan baie mooi en leersaam wees. 'n Voorbeeld is "So baie om jou te vertel" van John Marsden. Dit is 'n dagboek van 'n 14-jarige meisie. In die boek lig sy bietjie vir bietjie die sluier oor die gebeurtenisse in haar verlede wat haar in haarself laat terugtrek het. Boeke oor geskiedenis handel ook oor die realiteit van die lewe. Die boeke van Jenny Seed (bv. oor die Anglo-Boere-oorlog) is oulike en leersame boeke. 'n Ander voor-

beeld van 'n realistiese boek is "Dis ek, Anna" van Elbie Lötter. Dit gaan oor 'n meisie wat deur haar stiefpa misbruik is.



Dit is die skryfster se eie lewensgeskiedenis. Die mooiheid van hierdie boek is dat sy God nie loslaat het nie.


Ons en ons kinders kan baie van hierdie realistiese boeke leer. Dit kan wees dat jy voel dat die realiteit wat uit hierdie boek na vore kom, te erg is vir jou kind. Jou kind kan dit dalk nie verwerk nie. Moet dan nie toelaat dat jou kind hierdie boeke lees nie. Dit gaan nie daaroor om 'n boek te veroordeel nie. Dit gaan daaroor of jy of jou kind so 'n boek kan hanteer of nie. Daar is volwassenes wat nie kans sien om "Dis ek, Anna" te lees nie, terwyl daar tieners is wat dit wel lees.

Is realistiese boeke altyd goed? Nee, beslis nie. Die meeste is selfs gevaarlik. Vir baie skrywers is die realistiese wêreld 'n wêreld van slegte ouers, morele rebellie, seks, selfmoord, slegte huwelike, ens. Die invloed van hierdie boeke kan baie meer negatief wees as boeke soos Harry Potter. Die boodskap wat baie realistiese boeke deurgee, is dat homoseksualiteit, egskeiding, ens. nie verkeerd is nie. God se geboorte word in hierdie boeke oortree. God word meestal in hierdie boeke ontken.

As jou kinders van realistiese boeke hou, hou mooi dop wat hulle lees. Sorg dat jy goeie skrywers ken. 'Scan' die boeke wat hulle lees. As dit 'n slegte boek is, sê vir hulle hoekom jy nie wil hê dat hulle dit lees nie.



Die meeste boeke is gebaseer op fiksie. Die storie van die boek kan dalk 'n kern van waarheid bevat, maar die hooftrekke is fantasie. 'n Voorbeeld hiervan is die boeke van Marianne Brandt. Die hoofpersoon van die boek "Magrietjie swaiboude" het wel bestaan, maar alles wat Marianne Brandt skryf, het uit haar fantasie ontspruit. Daar is gelukkig baie van hierdie boeke, bv. boeke oor Houtbaai deur Debora Savage, boeke oor Josias deur Ann Cameron, die Trompie-boeke, die Maasdorp-reeks. Hierdie lysie kan verder aangevul word. Die taalgebruik is goed, die verhaal is oulik. Die verhaal is duidelik 'n fantasieverhaal. Hierdie boeke gee kinders leesplezier.



Sprokies is ook voorbeelde van fantasieverhale. 'n Sprokie wil 'n probleem kort en duidelik stel. Daarom is die situasies eenvoudig.

Die persone is tipes. Daar is geen details oor hul karakters nie. Die probleem wat aangespreek word, is meestal 'n teenstelling tussen goed en kwaad. Sprokies bestaan lankal. Hulle het ontstaan uit tallose oortellings deur volke. Die bedoeling van 'n sprokie is nie om die kind se karakter te vorm nie, maar om te geniet van die verhaal. In sprokies kom wel hekse, kabouters, drake en feë voor. Oor die algemeen besef kinders dat dit fantasie is en nie in die realiteit kan bestaan nie.




As jou kind van sprokies hou, laat hy/sy dit lees. As hy gereeld onbekende sprokies lees, kyk gereeld of daar nie snaakse boodskappe na vore kom nie.



In baie boeke kom die tema goed en kwaad na vore. Die goeie oorwin die kwaad. Dit is tipies *New Age*. 'n Mens

sien dit in die boeke van Liewe Heksie van Verna Vels en in die boeke van Dalene Matthee. 'n Mens kan hierop reageer deur al die boeke te verban. Tog glo ek nie dit is nodig nie. Boeke soos Liewe Heksie is onskuldige verhale wat die leser kan geniet. Ek glo nie Liewe Heksie is 'n persoonifikasie van die goeie wat die slegte oorwin het nie, maar net 'n oulike figuur wat die verhaal grappig maak. By boeke van Dalene Matthee kan 'n mens wel jou kinders wys op die *New Age*-aspek. Dit kom nie in al die boeke ewe duidelik tot uiting nie. In "Toorbos" is die *New Age*-aspek duideliker aanwesig as in "Kringe in 'n bos".

Grilboeke (*thrillers*, bv. "Gruwelike grieselrige grilboek, lees net in daglig" van Maritha Snyman) is boeke wat daarop gerig is om die leser 'n gewaarwording van beklemmende dreiging of angs te besorg. Die verhale maak gebruik van magie, mistiek, bygeloof, monsters, spoke, ens. Kenmerkend is ook dat daar in die verhaal goed gebeur wat in werklikheid nie moontlik is nie. Dit is 'n "werklikheid" waarin enigiets moontlik is. 'n Voorbeeld van figure wat in grilverhale voorkom, is vampiere. Hulle beweeg in 'n toestand tussen lewe en dood. In die dag slaap hulle in die doodskis waarin hulle begrawe is. Die bedoeling van die skrywer is dat,




solank die kind dit lees, hy dit glo en lekker gril en griesel en dit as werklik ervaar. Sodra die boek klaar gelees is, weet die kind weer dit was 'n versinsel. Nie alle Christene staan negatief teenoor hierdie boeke nie. Hulle sê dit is 'n goeie oefening om met angs om te gaan. In koerante en tydskrifte lees 'n mens mos ook oor angstige situasies wat wel werklik is. Die kind moet dus leer om dit te hanteer. Die kind kan dalk 'n nagmerrie kry, maar as hy wakker is, is die nagmerrie ook verby, so meen hulle. Vir my persoonlik klink dit nogal naïef. Ons moet egter ver weg bly van magie. Dit kan ons en ons kinders net skade doen. Ons hoef nie ons kinders voor te berei op angstige situasies nie. Ons moet ons kinders leer dat hulle altyd in God se beskermende hand leef, en dat ons by God altyd veilig is. Hulle moet leer dat hulle by God moet gaan skuil in angstige situasies.

Oor Harry Potter is daar verskil van mening. Dis opvallend dat, hoewel die laaste vier boeke gewelddadiger geword het, Christene se kritiek meer positief geword het. Enersyds word daar beweer dat die Harry Potter-boeke die wêreld van magie betree. Die skryfster J.K. Rowling onken dit ten sterkste. Sy glo self nie aan hekse nie. Sy sien die toordery net as 'n metafoor om die ander wêreld van moontlikhede - buite die grense van die gebruikelike - te bereik. Andersyds word daar in die Harry Potter-boeke Bybelse temas raakgesien. Die Anglikaanse kerk van Engeland gebruik die Harry Potter-boeke om te evangeliseer.

Dit is waar dat baie kinders wat nooit gelees het nie, nou wel die Harry Potter-boeke lees. Hoekom? Dit is nie omdat die Harry Potter-boeke fantasieboeke is nie. Daar is baie fantasieboeke en hulle het nie dieselfde effek nie. Maar dit is boeke wat oor die skoollewe handel.

Die kinders lees oor die Hogwarts Academy en herken baie van hul eie lewenservarings daarin. Groepsvorming by die skool, spanning (stres), die stryd om gewild te wees, is die realiteit van hul lewe. En by hierdie skool is dit interessant. Hier word indrukwekkende goed geleer: hoe om onsigbaar te word, hoe om goeters met 'n toorstokkie te verander, hoe om te vlieg. Harry Potter, wat 'n buitestaander was, blyk 'n toewenaar te wees. Hy raak gewild. Harry Potter-"fans" fantaseer nie oor hekse nie, maar oor hoe om ook so gewild en suksesvol by die skool te kan wees.

'n Probleem wat baie Christenouers het, is dat hekse in Harry Potter voorkom. Hekse is satan-aanbidders, waarvan ons afstand moet neem. Verdedigers van die Harry Potter-boeke sien die hekse soos die hekse in sprokies, met die verskil



dat hulle in hierdie boeke goed is. Harry Potter word ook 'n goeie toewenaar. Tog moet ons besef dat ons in 'n tyd leef waarin heksery al meer aandag kry. Daar is boeke waarin 'n mens kan leer hoe om 'n heks te word. Dit is gevaarlik. Ons moet oppas dat die verskil tussen goed en kwaad nie uitgevee word nie.

'n Ander gevaarteken in die Harry Potter-boeke (en in baie ander boeke) is dat die Christendom geteken word as 'n bekrompe, materialistiese, vervelige wêreldvisie. Nie al die Christene is soos die 'Muggles', die stiefouers van Harry Potter, nie.

Lees is lekker, maar die leesboek kan baie invloed op ons gedagtes en fantasieë uitoefen. Wees daarom waaksaam oor watter boeke jou kind lees.

# ARMOEDE: GEREFORMEERDE POLITIEK EN SOSIALISME

Jelte de Vries

## POLITIEK

### Inleiding

Een van die grootste probleme wat die wêreld tans ervaar, is die armoede-vraagstuk. Dit het 'n invloed op feitlik alles met betrekking tot ons bestaan hierop aarde.

Armoede is telkemale die oorsaak van konflik, misdaad, siektes, oorlog, rewolusie, hongersnood; kortom, al ons sosiale, ekonomiese en politieke stelsels word hierdeur geraak.

Wederkerig veroorsaak 'n enkele of al hierdie ellendes saam op hul beurt weer armoede. M.a.w. dit onttaard soms in 'n bouse kringloop. Suid-Afrika is een van die lande waar daar 'n groot kontras tussen arm en ryk bestaan. Die enorme plakkerskampe aan die een kant en die baie luukse groot huise aan die ander kant in ons land is voorbeelde hiervan.

Daarmee saam leef 'n groot deel van die bevolking onder die broodlyn. Stadig maar seker word ook 'n toenemende getal blankes deel van hierdie groep. In die geskiedenis van die Suid-Afrikaner is dit egter niks nuuts nie.

In die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu het die armblanke-vraagstuk 'n groot rol in die Afrika-ner-politiek gespeel en is daar deur omvattende sosiale en ekonomiese maatreëls 'n einde aan die vraagstuk gemaak. Tans speel 'n soortgelyke vraagstuk 'n kardinale rol in die huidige Suid-Afrika. Hierdie vraagstuk is egter van 'n baie groter en intenser omvang as dié van die vorige eeu. En die antwoord daarop word met die dag moeiliker om te vind. 'n Gevoel van magteloosheid is besig om pos te vat. Waarnatoe is ons op pad?

### **Ons is 'n ryk land met 'n groot getal arm inwoners, daarby het ons arm buurlande en/of buurlande wat hulself in armoede begewe of begewe het.**

Te midde van hierdie probleem is die vraag wat is die rol van die kerk en die Christelike politiek. Moet Christelike politiek sigself nie begin profileer as "sosiaal-Christelike politiek" nie? En wat is dan die onderskeid tussen sosialisme en Christelike politiek?

In hierdie artikel wil ons graag enkele antwoorde probeer vind.

#### **1. Wat is armoede?**

Armoede is 'n wyse van bestaan in vergelyking met 'n ander wyse van bestaan. Die verskil daartussen kan onder meer as armoede of as rykdom aangedui word. Die vergelyking is egter baie relatief.

Dit hang sterk af vanuit watter omgewing die bestaan van ander bekyk word. Iemand wat vanuit een van die ryk westerse lande na Afrika kyk, vind dit baie armoedig en het diep medelye met die mense. Hy maak egter meestal een fout. Hy vergelyk naamlik sy behoeftes met dié van die ander, sonder om te besef dat die ander se behoeftes nie noodwendig dieselfde is as syne nie, omrede hulle nie van sulke behoeftes bewus is nie. Mense begin eers armoedig voel as hulle agterbly by ander in hul omgewing en 'n bewuste behoefte voel om dinge te wil hê wat hulle nie kan kry of bekostig nie. As gevolg hiervan is armoede 'n dinamiese verskynsel; dit het 'n sterk markverwante konneksie en skuif gevolglik sy eie grense saam met nuwe ekonomiese en/of tegnologiese ontwikkelings. Die piramide

van Maslow sou gebruik kon word om telkemale 'n nuwe grens van armoede of toenemende rykdom aan te dui.

Werklike armoede kan gevolglik eerder beskryf word as: 'n sodanige gebrek aan basiese lewensbehoefes (voedsel en drank) dat dit jou bestaan as mens bedreig. Indien dit bevredig is, sal armoede meer en meer 'n relatiewe begrip word. Aangesien hierdie probleme nog altyd saam met die mens daar was, is daar allerhande teorieë, stelsels, metodes, ens. deur die eeue heen ontwikkel om die probleem aan te spreek. Die woord 'sosiaal' word in dié verband die meeste gebruik. En die woord het vir die een positiewe en vir die ander negatiewe konnotasies. Dit is die gevolg van ideologieë en politieke stelsels wat hieraan gekoppel was en is. Een hiervan is die sosialisme.

#### **2. Wat is sosialisme?**

Sosialisme en sy meer ekstreme vorm kommunisme het die afgelope honderd jaar baie invloed in ons wêreld uitgeoefen. Sosialisme het egter geblyk die sterkste ideologie te wees waarskynlik as gevolg van sy meer gematigde en demokratiese vorm in teenstelling tot die kommunisme.

Die hoofdoel van die sosialisme is en was die bevordering van gelykheid tussen mense met betrekking tot hul sosiale, maatskaplike en ekonomiese bestaan. Dié idee het baie aanhang onder werknemers gevind. Die ekonomies meer welvarende deel van die bevolking en ook die kerke kon hulle nie met die ideologie vereenselwig nie en het 'n liberale of neutrale koers begin vaar. Een van die redes waarom die kerke nie met die sosialisme ingestem het

nie, is en was die sosialisme se grondige afkeer van die kerke. Hulle het te kere gegaan teen die sogenaamde 3 k's: Kapitaal, Kerk en Kroeg. Dié mentaliteit het gesorg dat 'n groot groep Christen-werknemers, alhoewel hulle saam met die sosialiste baie wantoestande raakgesien het, nie in staat was om die sosialisme te aanvaar nie. Suid-Afrika was daardie tyd nog in die stryd om sy volksbestaan gewikkel en het nie sulke sake op sy agenda gehad nie. In Nederland egter het dr. Abraham Kuyper die nood van die Christen-arbeider, die sogenaamde "Kleine Luyden", raakgesien en aan hulle leiding teenoor die sosialisme begin gee. Dit het tot gevolg gehad dat Kuyper 'n antwoord op sowel die sosialisme as die liberalisme aan die volk gegee het. Hy het met die daad 'n **Christelik-sosiale antwoord** gegee en mettertyd 'n Christelik-sosiale politiek gevestig wat uiteindelik gelei het tot die oprigting van die Anti-Rewolusionêre Party (ARP: tans die CDA). Die afgelope honderd jaar het die party 'n groot invloedryke rol in die Nederlandse politiek gespeel. Die Christelik-sosiale politiek het ook in Suid-Afrika onder invloed van Kuyper 'n rol begin speel. (A. Kuyper: *De Crisis in Zuid-Afrika*, Amsterdam/Pretoria, 1900: p.19). Dit is dus belangrik om uit te spel wat verstaan word onder Christelik-sosiaal.

### 3. Wat is Christelik-sosiaal?

Die Christelik-sosiale standpunt is gewortel in die groot gebod: Jy moet God liefhê bo alles en jou naaste soos jouself. Om God lief te hê beteken dus om Christus te volg, en om jou naaste lief te hê deur aan almal wat op jou pad geplaas word, plaaslik, nasionaal of globaal, die liefde van God te laat ervaar deur hulp en bystand te bied aan dié wat dit nodig het. Dikwels hoor 'n mens die woorde "geld maak" - hiermee word bedoel wins maak. Die vraag is: wat word met die wins gedoen? Behalwe om 'n bedryf aan die gang te hou en uit te brei, kan dit ook gebruik word om jou omgewing te

help om na 'n beter staat van lewe te verder. In sy boek *Vrede in de Maatschappij* stel Douma die vraag: Moet daar eintlik 'n Christelike verbruikerspatroon wees? Ja, sê Douma, dit is eintlik voor-die-hand liggend as ons bedink dat ons liefde tot God en ons naaste ons verbruikersgedrag bepaal. Hy noem 1 Timotheüs 6:7-21 waar onder meer staan: maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee ver genoeg wees. Onderdak en onderhoud kom eerste, daarna gaan dit om die besteding van wat oor is. Douma stel dat 'n Christen natuurlik mag geniet van sy geld en luukse dinge daarmee mag doen (Douma, J. *Vrede in de Maatschappij*, Kampen, 1985: p. 154 e.v.). Dit gaan egter oor oormaat. As jy geld oor het waarmee jy slegs jouself dien, dan is dit verkeerd in die oë van die Here. Dan hou ons geen rekening met God en ons naaste nie.

In Matthéüs 7:12 noem Christus self die goue reël: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle ook aan hulle doen...". Daarna sê Hy: "Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei..." (vers 14). Douma stel dit so: "Elke strewe na wins is nie direk aan hebsug onderwerp nie, maar dit is eerlik om daarby te sê dat elke strewe na wins wel aan hebsug blootgestel word." (p. 134)

Kortom: Christelik-sosiaal beteken om 'n oog te hê vir die armes om jou. Dit begin by broer en suster in jou eie huis, maar brei uit na die naaste wat nie altyd dieselfde geloof of kerk bely nie, maar as skepsel van God ons aandag moet kry. Dit geld vir elkeen wat vanuit sy rykdom wat God hom gee, besef dat daar baie luukses is wat hy kan bekostig, maar dat sy prioriteit eers die ander moet wees.

#### 'n Voorbeeld:

'n Diakonie wat groot beleggings het, omdat daar weinig behoefte aan bystand in die kerk is, kan dit oorweeg om die geld in breëre sin aan te wend buite die kerkgemeenskap. M.a.w. om Christelik-sosiaal te dink en te doen, het 'n baie wye roeping;

dit is bewoë met die lot van die swakkes in die samelewing, omdat hulle die gebod van Christus wil nastrewe. Soms is die probleem egter so groot dat politiek, kerk en industrie moet saamwerk aan die opheffing van 'n volk, soos bv. gebeur het tydens die sogenaamde armblanke-vraagstuk in die vorige eeu.

### 4. Die armoede van die Afrikaner in die verlede

Na die Tweede Boere-oorlog was armoede, droogte en 'n algehele gebrek aan finansiële middele om plase weer winsgewend te maak, die oorsaak van die trek na die stad van hierdie deel van die suid-Afrikaanse bevolking. Hulle het daar aangekom sonder besittings of kennis van die industriële omgewing. Verarming het hulle in die gesig gestaar en as volk sou hulle ondergaan as grootskaalse hulp nie gebied sou word nie. Die regering het dit besef, en ook besef dat armoede 'n groot gevaar vir die samelewing kan beteken. Gevolglik is grootskaalse projekte aangepak om die Afrikaner uit sy agterstand-posisie op te hef. Industrieë soos YSKOR is opgerig, allerlei volkshulp is georganiseer en opleiding is voorsien, en na enkele jare het die effek van hierdie maatreëls vrugte begin afwerp. Maar eers in die na-oorlogse tydperk het die Afrikaner tot in al die takke van die staat en industrie deurgedring. Sy politieke mag het dit baie aangehelp. Dié deel van die Afrikanerverlede - sy opheffing, of eerder ervaring - het 'n sekere stempel op die volk afgedruk. Vandag ontstaan die gevaar egter dat die rykdom wat baie verkry het, slegs ten bate van eie egosentriese begeertes aangevend word. Ook die nuwe rykes wat binne 'n kort tyd ontstaan het, doen blykbaar weinig om die omgewing wat hulle in posisies gebring het, met hul rykdomme te dien. Dit maak dit moontlik dat 'n pad vir 'n volgende revolusionêre omwenteling geskep word. Ons onderwerp is egter Christelik-sosiaal en sosialisme en die onderskeid.

## 5. Die onderskeid tussen sosialisme en Christelik-sosiale politiek

Oor hierdie punt kan ons kort wees; die meeste hieroor is reeds in die voorafgaande gesê. Die sosialisme gaan uit van die mens en sy behoeftes. Dit sien die kerk en kapitaal as uitbuiters (en soms het hulle gelyk). Maar hulle bevorder die heilstaat op aarde, want dit is die enigste lewe wat daar is. Geen God en geen meester. Die strewe is gelykheid en die voortdurende verbetering van die posisie van die arbeiders. Die humanisme speel hier dus die allesoorheersende rol.

Die Christelik-sosiale politiek gaan uit van Christus se liefdesgebod en rig homself op die toekoms wat betref die ewigheidsperspektief. Dit laat Woord en daad saamgaan om sodoende Christus as die enigste Middelaar en Verlosser bekend te maak aan almal wat hulle kan dien met die gawes wat hulle as rentmeesters van God gekry het. M.a.w. nie net die prediking nie, maar daarmee saam die voorsiening van basiese lewensbehoefes, hulp by die verkryging van 'n maatskaplike posisie, opleiding, ondernemerskap en alles wat die mens nodig het om in sy eie bestaan te kan voorsien,

is deel van hierdie politiek. Nijkamp noem dit "geïntegreerde ontwikkelingsstrategie" (Nijkamp, *Naar een maatschappij zonder toekomst*, 1976, p. 167). Dit gebeur dus dat sosialiste en Christene sosiaal begin saamwerk. Die uitgangspunt verskil, maar die praktiese aanpak en metodes kan mekaar aanvul of in samewerking tot uiting kom. Bv. in Nederland is Sondagarbeid in die wet as vrywillig synde opgeneem. Elkeen is geregtig om dit te weier. Die wet is deur die Christen-Unie voorgestel en met steun van en samewerking met die sosialistiese party (PVDA) aange- neem. God gebruik die wêreld om Hom te dien en om sy kerk te bou en sy skepping in stand te hou. Die koring en die onkruid groei saam tot oestyd.

## 6. Die rol van Christene in die armoede-probleem van vandag

Soos reeds genoem, moet die Christen sosiale geregtigheid beoefen. Dit beteken dat ons oor die grense heen kyk. Douma sê: Die mensheid is, hoewel oor baie lande verdeel, van een geslag en geskape na dieselfde beeld. En al is dit reg en wettig dat daar grense tussen volke en lande is, nogtans mag sulke grense geen belemmering vorm om

internasionale afsprake te maak nie. Ons moet reg doen aan ons roeping ten opsigte van die een mensheid.

Verder is dit ons plig om ons rentmeesterskap te beoefen. Ons het gesamentlik die opdrag gekry om hierdie aarde te ontwikkel en te beheer. Ons lewenstyl moet een wees waar oordadige luukse en sigbare oorverbruik nie aanwesig is nie. 'n Sobere lewenstyl gee ruimte om die ander te help. Ons moet eers God se koninkryk soek; dit sal ons onder meer in ons naaste vind. 'n Selfgenoegsame lewenshouding voorspel weinig goeds vir die arme Lasarus wat op ons voorstoep lê. Ons moet hom laat saam eet; hy word beter daarvan, maar ons nie minder nie (Douma, 1985, p. 212). Laat elkeen homself beproef en sy verantwoordelikheid in hierdie verband beseef.

### Literatuur:


- Douma, J. *Vrede in de Maatschappij*, 1985
- Kuyper, A. *De Crisis in Zuid-Afrika*, 1900
- Nijkamp, A. *Naar een maatschappij zonder toekomst*, 1976
- Goudzwaard, B. *Kapitalisme en vooruitgang*, 1982
- Toffler, A. *De derde golf*, 1983

**KOMPAS** is die maandblad van >n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn** : Shammah 26, Theunis Straat, Weltevredenpark 1709 --- Tel 011 679 1646
- **Rev T Mogale** : Mamelodi --- Tel 012 801-7937
- **Rev MP Magagula** : Soshanguve-Noord --- Tel 012 798-1553
- **Ds P Nel** : Du Plooystraat 80, Bethal 2310 --- Tel 017 647-6693
- **Ds E Viljoen** : Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550 --- Tel 021 919-9149
- **Ds HH van Alten** : Walterlaan 1295, Waverley 0186 --- Tel 012 332-3256

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach** : Blackwoodstraat 12, Bellair, Bellville 7530 --- Tel 021 919-4215
- **Ds CF Nicholson** : Patoustr 33, Amanda Glen 7530 --- Tel 021 975-9994
- **Ds PG Boon** : Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186 --- Tel 012 332-1028
- **Rev J Mhlanga** : Soshanguve-Suid --- Tel 012 791-0983



# WOLF OP MY SPOOR

Louise Haak

## BOEKBESPREKING

my heeltemal lamlê. Dit sou dwaas wees as ek byvoorbeeld nie my medikasie neem nie. Endogene depressie is maar soos 'n wolf wat op jou spoor bly. Jy is altyd bewus van sy teenwoordigheid. Jy moet ten alle tye met hom rekening hou. As jy vir 'n oomblik jou waaksaamheid verslap, slaan hy genadeloos toe."

In haar nuwe boek borduur sy voort op dieselfde tema. Dit is 'n bundel sketse wat persoonlike vertellings insluit oor Sielie en haar mense. Dit gaan oor dinge waarmee elke mens een of ander tyd gekonfronteer word, soos lyding, verlies, eensaamheid en verwerping. Grepe uit die hede en die verlede wissel mekaar af, goeie herinneringe sowel as slegtes.

In die inleiding van haar boek beskryf sy die rol wat die wolf in die mitologie gespeel het. Sy kom tot die konklusie dat die mitologiese wolffiguur 'n donkerte uit die kollektiewe bewussyn van die mens weerspieël. Hy is elkeen van ons se donker kant.

So worstel sy met die wolf van depressie, die wolf van swak gesondheid en liggaamskragte wat afneem, die wolf van verwerping, die wolf van verlies. Dalk herken ons by die lees van hierdie boek ons eie, unieke wolf wat op ons spoor draf.

Wat die boek boeiend maak, is die persoonlike trant waarop dit geskryf is. Die sketse word afgewissel met verskeie gedigte, handgeskrewe briewe en koerant- en tydskrifknipsels. Alhoewel dit 'n somber onderwerp is, kry die skryfster dit reg om tussen die reëls die lig van liefde, geloof en hoop te laat skyn.

Oor die skrywer: Sielie Laubscher is 'n bibliotekaresse, predikantsvrou en skrywer. Ook is sy spreker en geregistreerde berader. Sy doen nie net individuele berading met depressielyers nie, maar lei ook verskeie ondersteuningsgroepe vir depressieleiers. Sielie en haar man, Nic, het twee volwasse seuns.

Bron: CUM-boeke se webblad.

Die bekroonde skryfster van *Donkerbosverdwaal* is terug met 'n nuwe boek: *Wolf op my spoor*. In haar boek *Donkerbosverdwaal* probeer sy haar eie ervaring met depressie verwoord. Die boek sluit af met die lig wat vir haar deurbreek het ná 'n tydperk van intense donkerte. Tog is sy nog nie genees van haar depressie nie. In 'n onderhoud wat met haar gevoer is, verduidelik sy: "Ek stry nog elke dag teen die donkerte. Ek kry tye wanneer dit met my beter gaan, maar ook tye wanneer dit sleg gaan. Soms baie sleg. Ek doen egter alles in my vermoë om te verhoed dat die siekte

**Die tema's wat volgende keer in KOMPAS  
bespreek gaan word:**

**Oktober : Erfenis**

**November : Glo en weet**

**Desember : Kersfees**

# Boekenuus

- **Carter, A J: On being black and Reformed. A new perspective on the African-American Christian Experience**

"As an African American I am delighted with the publication of this book. It will serve as an excellent introduction to Reformed theology for the emerging black Reformed community in the U.S. I anticipate that it will be a great resource for church planters and anyone else seeking to reach the black community" – Anthony Bradley  
(R 110)

- **Mulder, J ea: The Challenge of being Reformed today**

"It can not be denied that many Reformed churches have seen serious Christians leave their ranks to join evangelical or Baptists congregations. That begs the question: is the Reformed faith missing something essential? What is in fact the difference between Reformed and evangelical? Can we learn something from each other?"  
(R 95)

- **Smit, Neels: 'n Lewe voor die Koning – vir jou! Geskenkboek by die Belydenisaflegging**

In hierdie boek word op die wydte en diepte van die jongmenslewe gefokus: Waarom lê jy belydenis af? Wat is jou roeping op kerklike gebied, maatskaplike gebied en etiese gebied. Kerkrade, ouers en medegelowiges het in hierdie publikasie iets om aan jongmense te gee wat hulle op hulle geloofspad op Skriftuurlike wyse kan begelei.  
(R 60)

- - -

VERSKEIE PUBLIKASIES IN DIE WOORD&WERELD REEKS NOG BESIKBAAR, BYVOORBEELD:

- **DE Graaf, L W: Islam in het kort. Enkele actuele thema's uit de wereld van de islam.** (W&W 54. R 59)
- **Schutte, G J: Er zit meer achter dan je denkt. Enkele achtergronden van hedendaags politiek denken.** (W&W 56. R 62)
- **Veldman, H: Heinrich Bullinger 1504-1585. Gereformeed pastor voor Europa.** (W&W 61. R70)
- **Niemeijer, P: Tot geloof komen. Christelijke bijbelstudies.** (W&W 63. R 70)
- **Pos, R Th: Leven met God. Gezonde spiritualiteit in de 21e eeuw.** (W&W 67. R 73)
- **Van der Sloot, A: Het kerstverhaal van Matteus. Het kind Jezus en de vervulling van de oudtestamentische profetie.** (W&W 71. R89)



## FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: [folmerboek@telkomsa.net](mailto:folmerboek@telkomsa.net)

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)  
(Irene van der Meer)

Laseandralaan 115

0186 Môregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: [folmerpta@mweb.co.za](mailto:folmerpta@mweb.co.za)

Posbus 26489

0031 Gezina

# DIE WOORD VAN KANSEL NA KERKBANK

Prof Gerhard Visscher, Hamilton, Kanada

## POLITIEK

Tot watter mate bepaal die gehoor die verkondiging van die evangelie? Moet die Blye Boodskap verskillend verkondig word in 'n gevestigde gemeente en in 'n sendinggemeente? Of is die boodskap dieselfde, maar moet net die vorm van verkondiging anders wees? Kan jy enige preek maar oral hou? Prof GH Visscher van die Canadian Reformed Churches (CanRC) het op 8 September 2006 'n referaat hieroor gehou op 'n aand van die Teologiese Kollege van die CanRC. Ons neem dit graag gedeeltelik in 'n vertaalde vorm oor.

### Die Bybelse Model

Daar is verskillende benaderings tot prediking, maar ek stel voor om dit te benader op grond van wie die gehoor is. As almal beskou word as verdoem en volhardend in sonde, sal dit 'n sekere tipe prediking tot gevolg hê. Daarteenoor, as almal as gered beskou word, sal dit weer die inhoud en toon van die prediking bepaal.

Terwyl ek besig was met 'n studie van die laaste deel van Romeine 4, is ek aangegryp deur die verhaal van Abraham. Hierdie hoofstuk handel oor regverdigmaking deur geloof vir beide Jood en onbesnedene. Paulus meld hier dat Abraham ten volle daarvan oortuig is dat dit wat hy nie kan nie, God wel kan doen. Vir Abraham is geloof 'n saak van vertrouwe op die beloftes van God, om te glo in die krag van God om te doen wat hy, Abraham, nie kan doen nie. Paulus sê dat Abraham geweet het dat beide sy liggaam en Sara se moederskoot reeds "verstorwe" was en tog het hy "nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy belooft het.

Daarom is dit hom ook tot geregtigheid gereken." (Rom. 4:20-22).

Dit is dus duidelik dat geloof die beloftes en die krag van God omsluit. Dit is 'n baie belangrike punt, omdat Abraham, volgens Paulus, die vader is van alle gelowiges, beide Jood en onbesnedene. Die een Woord van God vir alle gelowiges is om "te wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham ..." (4:12). Om te lewe in geloof en om God in te sluit in ons hele lewe – dit is waaroor die Christelike lewe gaan. Wat opval by Abraham is dat dit nie hy is nie, maar God wat alles doen. En dit is die punt wat ons moet raaksien. In die briewe van Paulus het ons, na my mening, 'n model van hoe die predikant sy gemeente moet beskou. Elke erediens moet dus soos 'n brief van Paulus wees.

### Proklamasie

Preke is nie geadresseer aan potensiële lidmate van die gemeente nie. Preke is ook nie net geadresseer aan 'n deel van die gemeente waarvan ons dink dat hulle glo nie. Dit is 'n oproep, 'n proklamasie aan die gemeente wat God as God en Jesus Christus as Redder en Heer, deur die krag van die Heilige Gees, bely. Let op hoe Paulus met die gemeente in Korinthe praat. Ek vermoed dat as enige predikant 'n gemeente soos die Korinthiërs moes bedien, hy die vraag sou vra: "Glo julle of glo julle nie? Is julle deel van die Christelike gemeenskap of nie?" Ons sou hulle oproep tot geloof en bekering!

Maar dit is opvallend dat dit nie Paulus se benadering is nie. Hy begin hierdie brief, hoofstuk 1, as volg: "Ek dank my God altyd oor julle vir..." (1:4). En op 'n pastoraal wyse dring hy daarop aan dat

daar 'n einde moet kom aan verdeeldheid (hfst. 1), dat die geharde sondaar uitgedryf moet word (hfst. 5), dat verskeie intern besleg moet word (hfst.6), ens. Hierdie is 'n patroon wat sigbaar is deur al sy briewe. Die aangryping van positiese dinge, die waardering dat hulle 'n nuwe liggaam is in Jesus Christus en die erkenning van die teenwoordigheid van die Gees, wat voortgaan met die vernuwning van die gemeentes en van almal wat glo. Hy is voortdurend besig met die vraag: wat beteken dit om aan hierdie familie te behoort? Hoe lyk die familieleden? Hy is besig met die vraag: leef ons uit Christus Jesus? Deur die krag van die Heilige Gees? En hoekom volg Paulus hierdie benadering? Omdat hy hulle werklik sien in Christus en as die gemeente van Christus.

### Wysheid van God

Hier kan ons dink aan die woorde van Paulus in 1 Korinthiërs 1:30, waar hy praat van ons Here Jesus Christus "wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing". In plaas daarvan dat hy hulle berispe oor hul gebrek aan geloof, probeer Paulus hulle oortuig dat, ten spyte van hul eenvoudige roeping (vs 26), hulle reeds ware wysheid in Christus besit. Hy definieer die wysheid in terme van geregtigheid, heiligmaking en verlossing. Dit is nie die ouderdom of kreatiwiteit van mense wat wysheid bepaal nie. Dit is ook nie Paulus se eie welsprekendheid wat hulle wys sal maak nie. Wysheid is die werk van God in Christus.

Paulus gebruik hierdie drie metafore om te probeer verduidelik wat die diepte en breedte is van God se kinders, in Jesus Christus. Hulle

regverdigheid is deur geloof in Christus. Hulle verlossing is deur die een Saligmaker, Jesus Christus. Maar ook hulle heiligmaking, waar dit lyk asof Paulus veral hulle staat van heiligheid bedoel, d.w.s. hulle nuwe status as geheiligde gelowiges, as heilige gemeente. Net soos Israel word die nuwe volk van God afgesonder in Christus en opgeroep om daaglik 'n nuwe lewe te lei totdat dit volmaak sal word op die dag van die wederkoms.

Dit kan duidelik gesien word in 1 Korinthiërs 6, waar Paulus die Korinthiërs herinner aan hulle vorige lewe as hoereerders, afgodediënaars, egbrekers, ens.: “En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, julle is geheilig, julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God” (1 Kor. 6:11). Juis omdat dit alles van God is in Christus deur die Heilige Gees, huiwer Paulus nie om te suggereer dat hulle geloof nie genoeg is of dat hulle status bevraagteken kan word nie, maar hy moedig hulle voortdurend aan om deur die Heilige Gees te wees wat hulle in Christus is.

Dit word voortdurend herhaal: die bevelende taalvorm is gebaseer op die aanwysende taalvorm. Juis omdat hulle in Christus is, moet hulle 'n lewe in Christus lei. Juis omdat hulle heilig is, moet hulle heilig wees. Juis omdat hulle verlos is van sonde, moet hulle nie meer die sonde oor hulle laat heers nie. As Paulus die volk van God in Romeine 6 so nadruklik vertel dat hulle hulself dood vir die sonde en lewend tot God in Jesus Christus moet beskou, moet die prediker hulle dan nie help om ook uit hierdie wonderlike realiteit te leef nie?

### **Regverdigheid**

Wat in gedagte gehou moet word, is dat nog nie alles gesê en gedoen is as ons tot geloof gekom het, of dat dit op 'n manier bewys kan word dat ons die ware geloof het nie. Alhoewel ons natuurlik hierdie verwerfde

regverdigheid van ons Here Jesus Christus benodig, werk Hy, wat ons wysheid, regverdigheid en heiligheid is, voortdurend in ons deur sy Gees. Op hierdie manier word ons veranderde, hernude mense, wat ook die vereistes van die wet vervul (Sondag 32). Dit is opvallend dat dwarsdeur die boek Korinthiërs die oplossing vir elke probleem of uitdaging wat die gemeente ondervind, gevind word deur die ondersoek na wat dit beteken om in Christus te wees en om voort te gaan om hernuwe te word deur die werk van die Gees van Christus. In hoofstuk 2 lees ons dat die prediking nie net oorredende woorde van menslike wysheid is nie, maar 'n vertoning van die krag van die Gees.

En in die hoofstukke wat hierna volg, word dit prakties toegepas: die verdeeldheid in die kerk is afkeurenswaardig, want Christus word verdeel (1:13) en die tempel van die Heilige Gees word vernietig (3:16,17). Die sedelose man van hoofstuk 5 moet uitgebou word, want hulle is werklik die gemeente van Christus. Regsake moet ook nie tussen gemeentelide voorkom nie, want in Christus is hulle die heiliges wat eendag die wêreld sal oordeel (6:2). Seksuele immoraliteit is ontoelaatbaar, juis omdat hul liggame “lede van Christus” (6:15) en “tempels van die Heilige Gees” (6:19) is. Vraagstukke oor die huwelik en ongetroudes word behandel aan die hand daarvan dat hierdie persone almal aan die Here behoort (7:17,32,33,39).

Elke prediker sal daarby baat vind om die briewe van Paulus (of ander Nuwe Testamentiese skrywers) te lees en daaroor te besin of hulle wel die gemeente so aanspreek. Dit is wel waar dat dit briewe is en nie preke nie, maar diegene wat hulle noukeurig lees, sal geen twyfel daaroor hê nie dat Paulus die gemeente ook so in die prediking sou aangespreek het. Die beginsels is dieselfde. Hulle is nie net in Adam nie, hulle is ook in Christus.

Hulle het alles in Christus. Dus: seëninge en groei en sterkte sal na hulle kom, nie deur menslike welsprekendheid, nie deur die krag of die slinksheid van mense nie, maar in Christus, deur die teenwoordigheid en krag van die Gees.

Daar is 'n geweldige dinamika omtrent die lewe in Christus deur die Gees, wat vir ons dikwels moeilik aanvaarbaar is. Maar juis omdat die Here Jesus Christus en die Heilige Gees persone is wat in ons leef (1 Kor.3; Rom. 8:23), wat treur (Ef. 4:30) en wat uitgeblus kan word (1 Thess. 5:19), moet die persoon wat in Christus is, herinner word aan die uitdagings van hierdie dinamiese verhouding.

### **Die boek Handeling**

'n Mens kan dit wat Paulus in sy briewe skryf, vergelyk met dit wat hy in Handeling verkondig. Hy is altyd wat beskryf kan word as “gehoor-sensitief”. En so moet 'n predikant ook “gehoor-sensitief” wees. Die gemeente van Christus kan nie op dieselfde wyse toegesprek word as 'n samekoms van mense wat geïnteresseerd is, maar (nog) nie glo nie. Selfs in 'n byeenkoms waar beide groepe teenwoordig is, kan 'n prediker nie so te sê dieselfde “kwas” gebruik en hulle in dieselfde terme toespreek nie.

Om dit duidelik te stel: om herhaaldelik op 'n Sondag die kerk te verlaat en te wonder of ek op die rand van ongeloof leef oor dit wat ek in myself sien, is 'n ontmoedigende manier van leef. Maar om die gebou te verlaat met die vaste oortuiging dat God ons in Christus liefhet en om uitgedaag te voel om te leef in Christus deur die Gees van God, dit is opheffend en behaaglik. Dit is wat ons nodig het, en ek is daarvan oortuig dat dit ook Paulus se manier van prediking was.

### **Opheffend en behaaglik**

Ons kan ook verwys na die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 2, art. 5. Hier word nie gesê dat dit die oproep tot



geloof en bekering is wat die fokus van die prediking moet wees nie, maar dit is die belofte van die evangelie wat verkondig moet word. Die belofte van die evangelie is dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie sal vergaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Hierdie belofte moet universeel en sonder onderskeiding verkondig word aan alle volke en mense aan wie God, in sy groot genade, die evangelie stuur, tesame met die opdrag tot geloof en bekering. En hierdie belofte sluit ook die kragtige werk van die Gees in; Hy gee alles wat ons nodig het om te glo en in geloof te wandel. Dit is die belofte van die evangelie wat verkondig en aangegryp moet word: en dit herinner weer aan die tema in Romeine 4 – Abraham wat aan die belofte van God vasgehou het. Die God wat kan en wil doen wat Abraham nie kon doen nie (4:13,14,16 en 20)!

### **Kinders ook**

Ons kinders en jeug word hierby nie uitgesluit nie. Alhoewel hulle beslis daaraan herinner moet word om in geloof te wandel en die beloftes van God aan te gryp, besef Paulus dat hulle die saligmaking, die staat van heiligheid in Christus, besit (1 Kor. 7); en in Efesiërs 6:1 en 4 spreek hy hulle ook toe as lede van die gemeente. Verbondskinders is nie in die gemeenskap omdat hulle glo nie, maar juis omdat hulle deel is, moet hulle glo en tot volwassenheid groei in Christus deur die krag van sy Gees. Daar is niks outomaties hieromtrent nie. Vir kinders, vir tienderjariges en vir volwassenes, word geloof en bekering daagliks benodig.

Dwarsdeur al hierdie dinge moet ons altyd die woorde van die doopformulier onthou: “Net soos ons kinders, sonder dat hulle dit weet, aan die verdoemenis in Adam deel het, so word hulle, sonder dat hulle dit weet, weer in Christus tot genade aangeneem”. Ons vertrou ook dat, soos hulle volwasse raak, daar gesprekke sal wees oor geloof en

waar hulle tuishoort. Dit is egter nie omdat hulle buite staan nie, maar juis omdat hulle deel is van die gesin van Christus, en sy Gees net so veel aan hulle belofte word as aan die volwassenes (Sondag 27, antw. 74). Weer eens het dit te doen met die belofte. En die belofte handel nie net oor die toekoms nie: dit dring die teenwoordige tyd binne en belofte ook aan hulle krag en seën as hulle wandel in die paaie van geloof.

### **Heilshistories**

Hierdie, so lyk dit, is ’n betekenisvolle oplossing vir die heilshistoriese vraag. Dit is dikwels moeilik om te weet wat die regte heilshistoriese benadering in ’n preek is. ’n Teks sê mos self alles? Maar wat ook al die Skrifgedeelte is wat bespreek word, die predikant praat nie met die Israeliete uit die dae van Dawid nie (en ook nie met die Filistyne uit die dae van Dawid nie!) of met die Jode in die dae van Jesus nie. Hy praat met ’n gemeente wat gekoop is met die bloed van Jesus Christus en wat vandag probleme ondervind om eer aan God te gee.

Dit is ’n stewige dosis anti-moralisme. Moralistiese Woordverkondiging sal mense sonder twyfel beter laat optree. Alle etiese onderwysings, alle bevordering van godsdienstige waardes, of dit nou Christelik of Boeddhisties is, sal waarskynlik ’n positiewe invloed hê. Maar dit is slegs die Here Jesus Christus en die Gees van God wat verharde harte kan sag maak en hardkoppige sondears kan verander in nuwe skepsels wat toegewy is aan God en sy glorie. Moralistiese prediking sal slegte mense beter maak, maar die regte Woordverkondiging in die sterkte van Christus en sy Gees maak dooie mense lewend en ou mense nuut!

Dit lyk vir my die antwoord op die aanklag is dat ons prediking te objektief is, dat ons die brein aanspreek en nie die hart nie. Hierdie aanklag is nie heeltemal ongegrond nie. Na aanleiding van wat Paulus

sê, moet ons nie net akademiese lesings gee wat beoordeel gaan word op grond van hoeveel interessante insigte dit bevat nie. Kragtige prediking geskied net as ’n Gees-ervulde man van God op ’n duidelike en aangrypende wyse God se Geesgeïnspireerde openbaring in die Skrifte aan ’n Gees-verligte gemeente uitlê. En dit is “bevindelik” in die goeie betekenis van die woord – dit dring ons harte binne en in die wonderlike realiteit van God en sy Gees wat in ons woon en daag ons uit om te wees wat ons in Christus is, alleen uit genade.

Dr C Trimp verwys na dr H Bavinck om die punt te maak dat ons nie ons geloof op eie ervarings moet fundeer nie, aangesien ons innerlike lewe, aan hierdie kant van die graf, altyd onvolmaak sal wees. Dr Trimp skryf as volg: “In geeneen van die twaalf artikels van die Apostoliese Geloofsbelijdenis is ek in staat om ‘ek glo’ te vervang met ‘ek ervaar’ nie. Ervarings het die reg om te bestaan en kan nie losgemaak word van godvresendheid nie. Daar kan baie voorbeelde in die Bybel gevind word, veral in die Psalms, waar gevoelens beskryf word soos hulle werklik moet wees.” Bavinck voeg hieraan toe dat dit egter altyd die Woord van God is wat hierdie geloofservarings teweegbring. Hierdie ervarings gaan nooit geloof vooruit nie, maar vergesel en volg dit. Dit kan ook nooit die fondament vir geloof wees nie.

### **Ondersoek jouself**

Paulus roep die gemeente in 2 Korinthiërs 13 op om hulself te ondersoek. Dit is nie ’n oproep om te soek vir sekerheid van geloof in ervarings nie, maar ’n oproep om ons hart en lewe te ondersoek om te sien of ons enige bewys kan vind van hierdie Christus en sy Gees wat in ons woon. Weerklink die evangelie in ons? Maak dit enige verskil aan ons lewens? Dink jou in dat daar ’n gas in jou huis is en jy skenk geen aandag aan hom nie.

Uiteindelik sal hy die deur vind en weggaan. Ons het ook geëerde gaste wat in ons woon. Bring dit nie geweldige uitdagings mee nie? Maar as ons hulle ignoreer, wat sal die gevolg wees?

Ons kan dus sien dat ons stryd as Christen nie soseer daaroor gaan

dat ons nie glo nie. Die vraag is: hoe lyk hierdie geloof? Hoe leef ek met hierdie geëerde gaste in my? Wat is die daaglikse uitdagings en gevolge van ons wonderlike posisie in Christus? Dit is waar die kansel telkens weer die kerkbank te hulp moet kom.

Mag die Here almal seën wat deur Hom geroep is tot hierdie geweldige taak.

---

## ALGEMENE SINODE VAN DIE CANADIAN REFORMED CHURCHES

Hans Moes

### POLITIEK

Die *Canadian Reformed Churches (CanRC)* het van 9 tot 22 Mei 2007 'n Algemene Sinode gehou in Smithers, British Columbia. Die sinode is saamgestel uit ses predikante en ses ouderlinge van elk van die twee Regionale Sinodes (Wes- en Oos-Kanada). Die Handeling van die Sinode is gepubliseer op die webwerf van die CanRC. Afgevaardigdes van sewe korresponderende kerke het die sinode gedeeltelik bygewoon en hulle toegesprek. Onder hulle was ds. Kees Kleijn as afgevaardigde van die VGKSA vanaf 14 Mei, wat die Sinode op 17 Mei toegesprek het.

In die twee weke vergadertyd het die Sinode 'n indrukwekkende sakelys afgewerk. Hierdie prestasie kan seker toegeskryf word aan goeie voorbereiding en doeltreffende vergaderwerk. Daar was 12 beswaarskrifte van kerke en ses beswaarskrifte van kerklidmate (waarvan 'n aantal nie-ontvanklik verklaar is).

Verder was daar verslae van

Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke, vir Kontak met Kerke in Noord-Amerika, vir Kerkeenheid, vir Bybelvertalings, vir Uitgawe van die "Book of Praise" en vir hul amptelike webwerf, asook van die Bestuursraad van die Teologiese Kollege in Hamilton.

Die CanRC het kontak met sewe gereformeerde kerke in Noord-Amerika. Die Deputate vir Kerkeenheid voer intensiewe samesprekings met die United Reformed Churches in North America (URCNA). Dit het reeds gevorder tot die tweede fase van 'n susterkerk-verhouding, maar dit was nog te vroeg om te besluit oor 'n tydsraam werk vir volledige kerklike eenwording. In die lig van toekomstige eenwording met die URCNA is 'n konsep vir 'n nuwe kerkorde opgestel. Dit sal aanvaar kan word op die volgende CanRC sinode van 2010, na kommentaar van die kerke. Verder bly die saak van 'n gemeenskap-like teologiese kollege en 'n gemeenskaplike

psalm- en liturgieboek onderwerp van bespreking met die URCNA.

Kerklike kontak met die Reformed Church in the United States (RCUS) ontwikkel positief. Samesprekings met die Free Reformed Churches of North America (FRCNA) en die Orthodox Christian Reformed Churches (OCRC), ook in Noord-Amerika, het vasgeloop as gevolg van gebrek aan belangstelling tot toenaadering van hierdie kerke. Sinode besluit om toelating te vra tot die North American Reformed and Presbyterian Council (NAPARC). Die CanRC het reeds goeie kontakte met vyf van die agt lidkerke van NAPARC.

Die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke onderhou kontak met 14 kerke buite Noord-Amerika, asook met die Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke (IKGK, of in Engels: ICRC). Van die 14 kerke is daar sewe waarmee die CanRC 'n susterkerk-verhouding het,

waaronder die VGKSA, vyf waarmee gevorderde kontakte onderhou word en twee waarmee verkennend besprekings gevoer word.

Die Sinode het besluit om die susterkerk-verhouding met die VGKSA voort te sit. Verder beveel die Sinode aan dat die Kanadese kerke die VGKSA ondersteun met gebed en op finansiële vlak vir hul sending-werk en hulp aan behoeftiges. Die Bestuursraad van die Teologiese Kollege word ook opgeroep om verdere steun te verleen by die herstrukturering van die teologiese opleiding van die VGKSA. Dit kan wees deur adviese, die aanbied van gaslesings en deur taal- en sosiale hulp aan studente.

Dat buitelandse kerke in die belangstelling staan van die Kanadese kerke, blyk daaruit dat ongeveer 40 individuele kerke vertoë gerig het tot die Sinode n.a.v. die verslag van Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke. Daar is gereeld besprekings van die verskille tussen kerke wat òf die Westminster Geloofsbelydenis òf die Drie Formuliere van Eenheid het. Dit manifesteer hom veral in die verskil in toelating tot die nagmaal en toelating van lidmate tot die kerk. Die laaste het betrekking op “confessional membership”, met ander woorde moet lidmate die belydenis van die kerk onderskryf of geld dit net vir die ampsdraers? Bv. kan jy ’n lidmaat van die gereformeerde kerk word of bly as jy nie die kinderdoop onderskryf nie? Dit speel veral ’n rol in die kerklike samesprekings met die Orthodox Presbyterian Church van die VSA. Sinode Smithers het ook weer oor hierdie sake ’n algemene bespreking gevoer en selfs uitsprake gedoen oor die

gebruik van kelkies of bekere (beide word toegelaat).

Die Sinode het, na klagtes uit die kerke, ook opdrag gegee aan die betreffende deputaatskappe dat kontakte met ander kerkverbande gereeld gekommunikeer word met die kerke om uiteengroei in denke te voorkom. Die Sinode besluit om susterkerkverhoudings aan te gaan met die Gereformeerde Kerk van Quebec (die ERQ, ’n Franssprekende kerk in Kanada) en die Reformed Churches of New Zealand. Die kommunikasieprobleme met die Presbyterian Church in Korea (PCK) is bespreek, maar die Sinode het tog besluit om die susterkerk verhouding met die PCK voort te sit.

’n Aantal ander versoeke om ’n susterkerk-verhouding aan te gaan, is deur die Sinode afgewys. Dit betref o.a. die Presbyterian Church of Eastern Australia, die United Reformed Church of Myanmar (Burma) en die Independent Reformed Church in Korea. Een van die oorwegings is die beperkte mannekrag van die CanRC om hierdie kerke goed te leer ken en kerklike korrespondensie te onderhou. Kontak met hierdie kerke vind egter wel plaas deur die IKGK-vergaderings, en die afgevaardigdes na die volgende IKGK-vergadering in Nieu-Seeland in 2009 ontvang ook ’n tersaaklike opdrag.

Die Bestuursraad van die Teologiese Kollege van Hamilton het die Sinode gevra om ’n vyfde professor te benoem vir die vak “Bybelse en Teologiese Studies” en om te oorweeg om ’n MTh-studieprogram te begin. Hierdie versoek word egter deur die Sinode afgewys, omdat die voordele ten opsigte van die laste vir die CanRC nie duidelik is nie en omdat die voorstelle nie onder-

steun word deur ’n eksterne aanbeveling nie. Die Bestuursraad word opgedra om so ’n eksterne beoordeling te laat doen voor die volgende sinode. Die opsie van deelydse dosente word aanbeveel. Die spanningsveld tussen die opleiding as diens aan die kerke en akademiese vereistes (soos wetenskaplike ondersoek en publikasies) moet ook ondersoek word.

Daar was uitvoerige samesprekings met die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) oor die ontwikkelings in die kerke m.b.t. die nuwe liedboeke (psalms word steeds minder gesing), die nuwe huweliksformulier (die man is nie meer die hoof van die gesin en die taak van die vrou binne die gesin word nie meer genoem nie), egskeiding en hertrou (word makliker aanvaar of in berus), die vierde gebod en die Sondag (mag jy werk op ’n Sondag) en nagmaalsviering (meer informeel). Hoewel daar besorgdheid oor hierdie sake is by verskillende kerke, oordeel die Sinode dat deputate hul werk gedoen het en sekere misverstande opgeklar is.

Die meeste van hierdie sake kan nou laat rus word, maar die saak van egskeiding moet nog verder aangespreek word. Deputate word opgedra om, in die lig van die besorgdheid in die Kanadese kerke, die ontwikkelings in die GKN noukeurig te bly monitor en ook samesprekings tussen die GKN en die Gereformeerde Kerken (hersteld) (GKH) aan te moedig. Die Sinode roep die GKH op om die onwettige afskeiding van die GKN ongedaan te maak en die pad van versoening te loop.

Wat betref Bybelvertalings, besluit die Sinode om die New International Version te bly aanbeveel, maar om die gebruik

**Eienaar en uitgewer:****Stigting Woord en Wandel**

G de Jager (voorsitter)  
BJ Kamphuis  
Tel. 012 332 0943  
E-pos (Stigting):  
berendkamphuis@telkomsa.net

**Drukker:**

Printburo  
Tel. 012 335 9134

**Redaksie:**

Greet de Vries  
Hans Moes  
Petro Hofsink  
Juil Douma  
Riaan van Alten  
Herman van der Linden

**Redaksieadres:**

e-pos: jdouma@absamail.co.za  
Saxenburgsingel 14  
Oakglen  
Bellville 7530  
Tel 021 919 5176

**Administrasie:**

Mev. L Ros  
Posbus 23931  
Gezina, 0031  
Tel. 012 332 0127

**Nederland:**

Mev. H van de Weide  
Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820  
**Vermeld asb u naam  
en lidnommer**

**Intekengelde (per jaar):**

|            |           |      |
|------------|-----------|------|
| E-pos      | RSA       | R40  |
|            | Buiteland | €10  |
| RSA        | per hand  | R90  |
|            | per pos   | R110 |
| Buiteland: |           |      |
|            | Seepos    | €30  |
|            | Lugpos    | €40  |

van drie ander goeie vertalings, die New King James Version, die New American Standard Bible en die English Standard Version, oor te laat aan die vryheid van die kerke. Aanhalings uit 'n bepaalde Bybelvertaling in die kerklike formuliere moet ook bespreek word met die URCNA.

Sinode het ook deputate aangestel om stemreg van susters in die gemeente by die verkiesing van ampsdraers te ondersoek.

Die Sinode het ook 'n uitspraak gedoen oor die posisie van moontlike adviseurs van 'n sinode of meerdere vergadering. Hulle besluit dat, volgens gereformeerde beginsels, die reg om deel te neem aan die oorlegpleging en besluite van sinodes slegs voorbehou is aan die formele afgevaardigdes.

Adviseurs wat nie deur korresponderende kerkverbande afgevaardig is nie, moet nie plaasneem aan die sinodetafel en deelneem aan

die besprekings nie, behalwe waar hulle mening spesifiek deur die sinode gevra word as deskundiges oor 'n bepaalde saak.

In die lig van onlangse wetgewing in Kanada oor wat 'n huwelik is, voeg die CanRC die volgende woorde by as verduideliking tot Art. 83 van die KO : “Die Woord van God leer dat die huwelik 'n eenheid is tussen een man en een vrou”.

Die volgende Algemene Sinode van die CanRC sal DV saamgeroep word deur die kerk van Burlington-Ebenezer in Mei 2010.

• † • † •

**Kennisgewing:**

**Van 25 Julie tot 10 Oktober is  
in verband met afwesigheid  
van Juil Douma, die redaksie-adres  
[vgkcpt@mweb.co.za](mailto:vgkcpt@mweb.co.za)**